# WAT IS DIE SIMPTOME VAN AGHS (ADHD)?

Die volgende simptome is ‘n aanduiding, gegrond op die *Diagnostical and Statistical Manual of Mental Disorders*, wat wêreldwyd aanvaar word as die mees gesaghebbende bron. Let asb. daarop dat ‘n amptelike diagnose slegs deur ‘n gekwalifiseerde persoon gemaak mag word:

A. Om vas te stel of jou kind aan AGHS ly, moet hy of sy **ses of meer** van óf **1) aandagafleibaarheid óf 2) hiperaktiwiteit/impulsiwiteit**-simptome toon. Simptome moet vir ten minste **6 maande** voorkom en nie algemeen wees vir die ontwikkelingsouderdom van die kind nie.

   1. **Aandagafleibaarheid**
      - Sukkel om aandag te gee aan besonderhede of maak agtelosige foute met huiswerk of ander aktiwiteite.
      - Sukkel om aandag te behou met take of spel.
      - Wek die indruk dat hy of sy nie aandag gee wanneer iemand met hom of haar praat nie.
      - Voltooi nie sy of haar huistake en/of huiswerk nie.
      - Sukkel om take en aktiwiteite te beplan en te organiseer.
      - Vermy take of weier om take te verrig wat volgehoue konsentrasie verg.
      - Verloor gereeld dinge wat nodig is om take te voltooi, bv. boeke, speelgoed, penne, ens.
      - Aandag word maklik afgetrek deur ander gebeure rondom hom of haar.
      - Gereelde, daaglikse vergeetagtigheid.

   2. **Hiperaktiwiteit/impulsiwiteit**
      - Vroetel gedurig of kan nie stil sit nie.
      - Verlaat gereeld sy of haar sitplek in ‘n klaskamer as dit nie nodig is nie.
      - Hardloop rond of klim en klouter in situasies waar dit onvanpas is.
      - Sukkel om rustig alleen te speel.
      - Is gedurig “aan die gang” en “aan die beweeg”.
      - ‘n Konstante, oormatige gepraat.
      - Tree impulsief op.
      - Blaker dikwels antwoorde uit voordat die vraag klaar gevra is.
      - Sukkel om sy of haar beurt af te wag.
      - Onderbreek gereeld ander se gesprekke.

B. Sommige simptome is voor die **ouderdom van 7** teenwoordig.

C. Sommige simptome kom in twee of meer situasies voor, bv. by die skool en in die huis.

D. Daar moet duidelike tekens wees dat jou kind meer as die ander kinders by die skool sukkel om sosiaal aan te pas.